SSK
# wenakker

Desember / December 2020

NUUSBRIEF • NEWS LETTER

Psalm 16:6 : "Die meetsnoere het vir my in lieflike plekke geval, ja my erfenis is vir my mooi"

# *VREUGDE!*



# 90 JAAR OP REIS MET SSK
# 90 YEARS WITH SSK: OUR JOURNEY



SSK Hoof Uitvoerende Beampte: Erenst Pelser

SSK se ryke tradisie is 90 jaar gelede op 25 Julie 1931 gevestig, toe 9 landbouers bymekaar gekom het om die Swellendam Boere Koöperatiewe Vereniging te stig. Mnre. P.G. Lourens, F.J. van Eeden, M.C. Dippenaar, J.H.K. van Blommenstein, F.J. Linde, D.C. van Dyk, M.J. Streicher, D.H. van Papendorp en P.J. de Wet het in daardie dae die eerste tree die toekoms in geneem. Vandag, na 90 jaar, bou SSK en sy mense steeds onverpoos voort aan dié waardevolle erfenis.

In the past 90 years, corner stones have been set and milestones reached. Generations anchored the SSK tradition, handing it over to the next generation and hopefully to the generations yet to come. The remarkable contribution that SSK has made over the last 90 years to the economy, prosperity and social wellbeing of our region is far reaching and well known.

SSK en sy mense beleef deur ons Vader se genade voorspoedige tye, ten spyte van virusse, natuurrampe en politiese en ekonomiese onsekerhede. Dit is te danke aan 'n kombinasie van suksesvolle samevoegings, beleggings en waardetoevoeging deur die jare. Die mees krities belangrike faktor is steeds SSK se koöporatiewe ondernemingsvorm wat ons lede dien en ondersteun en die eienaarskap van SSK in die hande van landbouers hou.

SSK wás in 1931, en is vandag steeds, 'n verlengstuk van die boer en meeste van die organisasie se suksesse kan direk daaraan toegeskryf word. Die afgelope 90 jaar spreek van strategiese denke deur die organisasie se direksie, bestuur en personeel wat uitdagings telkens met optimisme, ononderhandelbare etiese optrede en geloof aangepak het. SSK is, en sal altyd getrou aan sy missie bly, naamlik om met behoud van stabiliteit die welvaart en voortbestaan van die organisasie en sy lede deur groei en diversifikasie te bevorder.

I repeat what I have often said before: the satisfaction of farming lies therein that through the years opportunities for development and renewal are utilised and in the end optimal profit is the result of a series of cumulative successes over a long period.

Ons sien uit na die volgende dekades van "*Werk saam, en Wen saam*". Sonder u, die SSK lid en belanghebbende, sal ons dit nie kan doen nie en daarom stap ons die pad saam met u, die toekoms in. Gevestig is die verlede, hand aan die hede en met ons oog op die toekoms gerig.

'n Baie geseënde feesgety word u en u families toegewens. Ons bly nederig dankbaar aan ons Hemelse Vader vir al die seëninge wat ons onverdienstelik uit Sy hand ontvang.

We thank our members and clients for their support during the past year and wish them and their loved ones a well-deserved and blessed Festive Season. We look forward to many years of "*Working together and Winning together*".

*- Erenst Pelser*
*(Hoof Uitvoerende Beampte)*




**Agter v.l.n.r: Mnre. D.C. Streicher, V.d.S. Hoffman, L.S. Uys, J.L. Uys, D.T. Barry, M.G. Lourens.**
**Voor v.l.n.r: Mnre. J.D. de Wet, J.A. Kunz, B.W. Myburgh (Voorsitter), J.J. du Plessis (Bestuurder), J.P. Joubert (Vise-Voorsitter), P.J. de Wet.**

# JP SMIT VAN KAREESTOMP, ABERDEEN





JP en Joyle met hulle dogtertjies, Hanneke en Isa Smit. Foto: Lindy Truter

"Ek gaan nêrens heen nie. Ek bly net hier. Ek het al genoeg gesien van boerdery in ander lande. Dáár is alles reeds ontwikkel nie meer 'n uitdaging nie. Hier het ons nog baie geleenthede, nuwe ontwikkelings om aan te pak. Ons kán dit maak werk in Suid-Afrika".

Ek kuier by JP en Joyle Smit op Kareestomp buite Aberdeen in die Groot Karoo. Hulle is mooi mense van binne en van buite, en die mooi gene is duidelik oorgedra na hulle 2 meisie-kinders, Hanneke en Isa. 'n Derde baba word in April 2021 verwag.

JP is die derde geslag Smit op Kareestomp aan die voet van Toorkop, deel van die Rooibergreeks. Hy vertel dat sy oupa, ook JP, (beter bekend as oom Smittie), 'n wolagent by National Woolgrowers Association was voordat hy en 'n vriend, Oupa Kriel, in 1945 die kans gewaag het om 'n stukkie grond te koop. Smittie het sy vriend 2 jaar later uitgekoop en op sy eie begin boer. Elke keer wanneer hy genoeg geld gespaar het, het meer grond bygekom en JP se pa, Pit Smit het daarna dieselfde beginsel toegepas. Vandag strek Kareestomp ver en wyd oor die Karoo vlaktes en JP sit die tradisie voort om te belê in grond.

Op 'n snikhete, laat-Oktoberdag is die mooi huis koel en verwelkomend. 'n Oase met 'n groot ou wildevyboom, groen gras en 'n kombuistafel waar ons later Karoolam vir middagete geniet. JP boer met 3 hoofeenhede: skaap, vleis-beeste en sybokke.150 hektaar is onder besproeiing en sy voerkrale lyk goed. Ongeveer 8 keer 'n jaar huisves hulle jagters by die plaas se jagkamp wat elke keer terugkom vir die skaapstertjies Karoolug en sterrehemel. Jagters het vriende geword en vriende, jagters op Kareestomp.

JP vertel dat Aberdeen laas in 2011, 400 mm reën vir die jaar gekry het. Die laaste paar jaar is die gemiddeld maar 180mm, met slegs 40mm in totaal vir 2018. Dit is steeds bitter droog daar, maar hulle het darem onlangs 25mm gekry en is hoop-vol vir 'n goeie jaar. Hy wys die groot skuur, dakloos na 'n sterk rukwind - dit is harde wêreld hierdie, maar as Hy jou die dag seën, is dit oorvloedig. Joyle vertel dat JP altyd praat van die "gewillige aarde". (Só 'n mooi uitdrukking).

Op pad met die goeie, pas-geskraapte grondpad Kareestomp toe sien ek blinkvet Springbokke en verskeie bok- en skaap lammers langs die pad. Die mense hier praat van 'n "groen" Karoo wanneer dit groen lyk op die oppervlak, maar onderlangs dor en droog is. Granaatbos en vygie blom orals in die veld en die Karoo lyk bolangs mooi. Die hoop beskaam nie, want die reënseisoen is op hande.

Joyle was 'n nooi Dippenaar van Swellendam, voordat sy en JP in 2014 die knoop deurgehak het. Sy het op 'n plaas grootgeword en JP vertel dat sy skoonpa Michael (die vorige SSK Voorsitter), een van sy mentors is. Michael glo aan netheid en orde op 'n plaas en dit is duidelik dat dit ook vir JP ononderhandelbaar is. Hy is gelukkig dat hy ook sy swaer en vriend, Neethling Dippenaar as klankbord kan gebruik. Pit Smit is in 2010 oorlede, maar JP het die vrymoedigheid om enige van sy pa se ou vriende te nader vir raad. "Ek is nie skaam om te vra nie en ek leer elke keer weer by hulle ervaring en advies". In die inperkingstyd het JP "vasgevat en gekonsolideer" en nou wag hy op 'n goeie jaar om verder uit te brei. Hy gryp geleenthede kieskeurig aan en met 'n BCom Rek agter sy naam maak hy sy somme goed, alvorens hy berekende risiko's aanpak. JP is trots op sy werkerspan wat sy werkstrots deel. Joyle vertel van dieselfde skeerspan wat elke jaar kom skeer en Alec Poswa wat selfs in JP se oupa se tyd as jongman daar kom skeer het. Alec en die span kry elke keer 'n tuisgebakte koek wanneer hulle daar aankom.

> **"Ons gaan nêrens nie. Ons gaan dit hier máák werk"**

Die Langkloof Boerekoöperasie (LBK) het in 1997 'n tak op Aberdeen oopgemaak en was deel van Tuinroete Agri wat in 2013 deel geword het van SSK. Kareestomp se mense is sedertdien SSK lede én ondersteuners. JP vertel dat hul boerdery baie baat vind by dié vennootskap en dat boere van so ver as Rietbron, Graaff-Reinet en Murraysburg ry, omdat hulle weet hulle sal by AgriLand Aberdeen geholpe raak.

Ek ry weg met JP en Joyle wat in my truspieëltjie glimlaggend totsiens waai. "Ons gaan nêrens nie. Ons gaan dit hier máák werk". En ek glo hulle.

*- Annelie van Wyk*

FOKUS OP: SSK WERKNEMERS

# CHRIS MEYER

## Bestuurder: Interne Oudit

### VERTEL VAN JOUSELF EN JOU GESIN

Ek is gebore en getoë in Bellville en het by Bellville Hoërskool gematrikuleer. Na skool het ek by die destydse Kaapse Technikon verder studeer en n Diploma in Finansiële Inligting Stelsels en 'n B Tech graad in Interne Oudit verwerf.

Ek is getroud met Cherise, 'n onderwyseres en ons is geseënd met twee pragtige kinders, Jubert en Lize-Marie. Ons het onlangs 'n miniatuur Yorkie genaamd Kolbe aangeskaf wat die hele huisgesin op ons tone hou.

### WAT DOEN JULLE GRAAG SAAM?

Ons is mal daaroor om saam met vriende en familie om 'n vuurtjie te verkeer. Dis dan wanneer ons saam musiek maak, lag en ontspan. Met elke geleentheid wat ons kry, gaan ons graag na De Kelders toe en geniet die natuurlewe en mooi sonsondergange oor die see.

### KORTLIKS JOU LOOPBAAN-GESKIEDENIS TOT DUSVER

Ek is al 17 jaar werksaam in Interne Oudit. Ek het my loopbaan by Gobodo Risk Management begin en was daarna werksaam in verskeie hoedanighede by KPMG, Pioneer Foods en Deloitte. Ons het in 2014 die groot besluit gemaak om platteland toe te trek en ek het in Januarie 2015 by SSK aangesluit.


Interne Oudit het my al baie interessante ervarings laat beleef, soos om met 'n boot in te ry werk toe (Robben Eiland museum oudits) tot die uitklim van silo's. Ek geniet my werk terdeë!

### GROOTSTE LOOPBAAN PRESTASIE

Ek is na twee jaar by SSK as hoof van die Interne Oudit funksie aangestel. Ek en my span poog om tot die beste van ons vermoëns van krag tot krag te groei binne SSK se bestaande strukture.

### WAAR WIL JY JOUSELF EN SSK OOR 5 JAAR SIEN?

Om 'n steeds volhoubare en groeiende SSK te sien wat die waardes en etos van "Werk Saam, Wen Saam" in ons groep, afdelings en saam met ons filiale kliënte en verskaffers uitleef.



Die Meyer gesin by hul geliefde De Kelders.

My wens is dat ons saam sal groei in nederigheid en voordurend daarna sal streef om voort te bou op ons ryke geskiedenis as nalatenskap vir die volgende generasie.

### WAT IS DIE BESTE RAAD WAT JY AL ONTVANG HET?

As klein seuntjie wou ek altyd oral saam met my pa gaan om te sien wat hy doen. Hy het toe alreeds vir my gevra wat die "motto" van die lewe is en dan gesê: "As jy wil dan kán jy."

Toe ek ouer word en my werksloopbaan begin het hy vir my gesê: "Onthou Seun, dít wat jy in die eerste vyf jaar van jou loopbaan doen is die anker vir die res van jou loopbaan, so gee alles." Dankie Pa vir jou wyse woorde en seënwense.

### IETS VAN JOU WAT NIEMAND WEET NIE?

My ouers het vir my die bynaam "Skollie" van Vyfster as kind gegee. Hulle het gesê dat ek ook, soos hy, altyd 'n "skim" het! Verder hou ek daarvan om kitaar en gholf te speel en is ek 'n groot Blou Bul ondersteuner!

# LANGDIENS ERKENNING

**30 JAAR:** Freddie Jacobs
**25 JAAR:** Louisa Elbrink
**20 JAAR:** Francois Kistoor, John Liebenberg
**15 JAAR:** Amelia Schutte, Michael Lucas, Migel Esterhuizen
**10 JAAR:** Eldo Persence, Peter Kistoor, Jacobus Hartnick, Patrys Erasmus, Gerhardus Odendaal



Freddie Jacobs (links) word deur Marius Stander geluk gewens met 30 jaar diens.



Jonelle Fiet en Bennie Basson wens Louisa Elbrink (middel) van AgriLand Riversdal geluk met 25 jaar diens.

Agri Land SSK

# LOCKDOWN ON GREAT SAVINGS!

**KAUFMANN**
Luxury Recliner Chair
Khaki or Grey
R849.99 Elk

**LK'S**
Floating Braai Grid Bracket
(Grid not included)
R264.99 Each
00301948

SCAN HERE FOR MORE!

**COOPERS**
Ultramatic Vlieg- en Muskietdoder
270mℓ
R143.95 Elk
01600443

**MONTEGO**
Classic Volwasse Hondekos
20kg
R360.00 Elk
01401357

500G CHEWIES TUB GRATIS

**OPTIMIZOR**
Premium Volwasse Hondekos
25kg
R380.00 Elk
01401347

20KG + 5KG GRATIS

**EUROLUX**
Insect Killer LED 4W
2800-3000V
R419.99 Each
00500908

**HOME QUIP**
Mosquito Killer Vortex
USB Powered
R99.99 Each
00405072

**HOME QUIP**
Aromatherapy Diffuser
USB Powered
R135.99 Elk
00405073

**ALOE UNIQUE**
Aloe Gel 200ml
R112.95 Elk
00404017

**ALOE UNIQUE**
After Sun 125mℓ
R59.95 Elk
00402101

**BATA**
Safari Ladies Vellie
Sizes 3 - 8.
Pink, Taupe or Navy/Red
R310.00 Each

**BATA**
Safari Hunter Mens Vellie
Sizes 6 - 12
Taupe, Brown or Navy/Red
R315.00 Each

- NOG **BAIE** MEER PRODUKTE BESKIKBAAR TEEN PROMOSIEPRYSE
- KRY DIE PROMOSIEKATALOGUS BY U NAASTE SSK AGRILAND TAK OF BY **WWW.SSK.CO.ZA**
- PROMOSIEPRYSE GELDIG TOT **31 DESEMBER 2020**

**BEANS FOR AFRICA**
Bone of Gemaal
Ou Kaapse Koffie / Brazil 1KG
R219.99 Elk
250g R62.99

KOOP 1KG OF MEER **BEANS FOR AFRICA KOFFIE** EN STAAN 'N KANS OM 'N TWEE NAG WEGBREEK BY **GONDWANA GAME RESERVE** TER WAARDE VAN **R15 000** TE

# WEN!

GONDWANA GAME RESERVE

Termes en Voorwaardes geld. Meer besonderhede in Tak.

**PRYSE GELDIG VANAF 26 NOVEMBER TOT 31 DESEMBER 2020 TERWYL VOORRAAD HOU. F & WU**

ONS BEHOU DIE REG VOOR OM HOEVEELHEDE TE BEPERK. FOTO'S MAG VAN WERKLIKE PRODUKTE VERSKIL. PROMOSIE GELDIG SOLANK VOORRAAD HOU. PRYSE SLUIT BTW IN. BESTUUR KAN NIE VERANTWOORDELIK GEHOU WORD VIR ENIGE VERANDERINGS OF DRUKFOUTE WAT MAG VOORKOM NIE. PRODUKTE WAT NIE IN VOORRAAD IS BY U NAASTE TAK NIE, IS BESKIKBAAR OP BESTELLING.


**ABERDEEN** - TEL: 049 846 0489 • **ALBERTINIA** - TEL: 028 735 1094 • **AVONTUUR** - TEL: 044 752 3004 • **GEORGE** - TEL: 044 801 4500 • **HEIDELBERG** - TEL: 028 514 8600 • **HERBERTSDALE** - TEL: 044 651 1676 • **HEROLD** - TEL: 044 888 1626 • **KNYSNA** - TEL: 044 382 3027 • **KRAKEEL** - TEL: 042 274 2201/16 • **MISGUND** - TEL: 042 275 1409/21 • **MOSSELBAAI** - TEL: 044 601 1200 • **NOLL** - TEL: 044 745 1277 • **PLETTENBERGBAAI** - TEL: 044 533 0495 • **RIVERSDAL** - TEL: 028 713 2404 • **STILBAAI** - TEL: 028 754 3520 • **SWELLENDAM** - TEL: 028 514 8770 • **TWEE RIVIERE** - TEL: 042 273 1905 • **UNIONDALE** - TEL: 044 752 1217

# Kliënte portaal

## Werk saam, Wen saam op ons Webtuiste





***Besoek gerus ons webtuiste (www.ssk.co.za) en teken in by die Kliënte Toegang***
***Please visit our website (www.ssk.co.za) and login at the Customer Portal***




- Gebruikernaam : Die e-pos adres wat by SSK se Krediet kantoor opgegee is
- *Wagwoord : Moet voldoen aan minimum wagwoord voorwaardes*

- *Username : The e-mail address provided to SSK's Credit office*
- *Password : Must conform to minimum password requirements*




- Rekening kan aangepas word by "Choose Account" opsielys
- Aktiewe rekening word getoon by punt 1 (links)

- *Account can be updated from the "Choose Account" drop-down list*
- *Active account will be indicated at point 1 (left)*

- <u>Voetskrif area funksionaliteit</u>: Aanstuur van dokumente; CSV aanvra; Soek van Dokumente; Besonderhede oor SSK Kaarte en Stemming (wanneer relevant)

- *<u>Footer area functionality</u>: Document Request; CSV request; Search Documents; SSK Card details and Voting (when applicable)*

# Customer Portal

## Work together, Win together on our Website




| | |
|---|---|
| **Balanse :** | Opgesomde oorsig van alle rekening balanse |
| ***Balance :*** | *Summarised overview of all account balances* |
| **Transaksies :** | Alle transaksies aangegaan per rekening |
| ***Transactions :*** | *All transactions executed per account* |
| **Fondse oordrag :** | Oordrag van fondse na Lid se bank rekening (slegs vir Lede) |
| ***Funds Transfer :*** | *Transfer of funds to Member's bank account (only for Members)* |




| | |
|---|---|
| **Produsente kontrakte :** | 1. Opsomming van huidige seisoen kontrakte<br>2. Volledige graan beweging per kontrak genoem in 1 |
| ***Producer contracts :*** | *1. Summary of all current season contracts*<br>*2. Full movement list on the contracts mentioned in 1* |
| **Hoof kontrakte :** | 3. Opsomming van alle kontrakte met graan voorraad<br>4. Volledige graan beweging per kontrak genoem in 3 |
| ***Main contracts:*** | *3. Summary of all contracts with grain stock*<br>*4. Full movement list on the contracts mentioned in 3* |
| **Daaglikse opberging :** | 5. Volledige lys van die stoorkoste berekening per kommoditeit en per silo |
| ***Daily storage :*** | *5. Complete list of storage cost calculation per commodity and per silo* |
| **Op- en Afgradering :** | 6. Aanpassings aan die gradering per kommoditeit |
| ***Up- & Downgrading :*** | *6. Adjustments made to the grading per commodity* |




Opstel en onderhoud van kontakbesonderhede – Bepaal self, per gebruiker, watter kommunikasie elkeen mag ontvang asook watter regte elkeen oor mag beskik t.o.v. die rekening

*Setup and maintenance of contact details – Determine, per user, what communication they may receive as well as which rights each should be allocated w.r.t this account*

FOKUS OP: OESTYD

# ONS OES

"Graan opbrengste vir alle gewasse en distrikte is vanjaar uitstekend oor die hele SSK streek. Dit is beste in baie jare en in sommige gevalle moontlik die beste ooit."

*- Henk de Beer (Hoofbestuurder: Bedrywe)*






*"Ek loof God vir elke pit, of dit oopgebars is of nie. Alles is steeds genade en seën uit sy hand."*

*- Artho Saayman*

*"Vir hulle wat in hektare werk en nie in ure... Ons sê dankie aan elke graan produsent vir julle passie en toewyding!"*

*- Nico Steyn, Algemene Bestuurder: Eureka Mills*





Foto: Chris Heyneman

Verkeersknoop by SSK Swellendam silo's in 'n goeie oesjaar.

*"'n Groot oes, met groot uitdagings"*

*- Schalk Viljoen*



*"'n Oorvloed van dankbaarheid!"*

*- Francois Badenhorst*







*"Ek is verskriklik dankbaar"*
*- Hendrik Pienaar*





*"Wat 'n voorreg!"*
*- Franco le Roux*

# Oes-stories uit die ou dae

*Voor die Riversdal silo's in 1975 gebou is moes boere hulle graan in sakke by die graanstoor gaan aflaai. Soms het daar tot 22 vragmotors (1km lank) in die ry gewag. 3 Ton lorries is gebruik wat 65 sakke koring op 'n slag kon laai. Op Kleinberg het die lorries van die teerpad af gestaan en wag.*

*Martiens Wessels van die Koöperasie het dikwels sommer met die hand besluit die koring is nog nat en boere moes dan nood-gedwonge die koring op seile uitgooi om droog te word. Later is 'n "masjientjie" gebruik wat met 'n blou vlam gewys het as die koring se voginhoud meer as die toegelate persentasie was. Die toetsproses het 45 minute geduur en almal in die ry moes maar gelate wag. Daardie dae het die boere ure onder die bome gesit en wag, vleis gebraai en oesstories uitgeruil.*

# TECHNIFARM

## Wolk wat reën met inligting

**HET U OOK BEHOEFTE AAN:**

- Vooruitbeplanning van aksies wat moet plaasvind deur die seisoen
- Maklike toegang tot rekords van watter gewasse u geplant het, watter kultivars, saaidigthede en plantdatums
- Kunsmis toegedien deur die seisoen
- Gifstowwe wat gebruik is met hul registrasie en lotnommers (batch numbers), Paspoorte
- Grondbewerkingaksies per land
- Verkenning (Scouting) van gewasse deur die seisoen
- Opbrengsdata per land – gemiddelde opbrengs per kamp vir produsente wat nie opbrengs-monitors het nie
- Aflaai van Planter- en Strooierlêers vir die trekker se rekenaarbeheerstelsel
- Besproeiingskedulering
- Uitmerk van Dreinering
- NDVI-beelde
- Weerinligting
- Inligting en veiligheidsblaaie oor gifstowwe en kultivars
- Oorsig van aktiwiteite op Boerdery vlak, Plaasvlak of Kampvlak.
- Verslae van inligting wat ingevoer is gedurende die seisoen.

**INLIGTING WAT TECHNIFARM INTEGREER MET DIE PRODUSENT SE SIRRUS:**

- Geografiese kamp en plaasgrense met hektare
- Grondmonsterontledings van grid of "smart samples"
- Blaarmonsterontledings
- Chemiese statuskaarte
- Aanbevelingskaarte
- Plantervoorskrifte
- Bestuursones
- Opbrengsdata vanaf opbrengsmonitors
- Bestuur van inligting tussen goedgekeurde rolspelers vir effektiewe besluitneming (POPI A)



Sirrus

**PLATVORMS WAAROP SIRRUS LOOP:**

- iPhone (iOS)
- iPad (iOS)
- Android (Beta weergawe ook nou beskikbaar met beperkte funksies)
- Internet www.sirrus.ag

**WEERGAWES VAN SIRRUS:**

- **Gratis** weergawe slegs met basiese funksies
- **Premium** weergawe teen jaarlikse fooi met gevorderde funksionaliteit
- Afrikaanse weergawe ook nou beskikbaar

**INLIGTING IN DIE WOLKE?**

Nie regtig nie, maar Data word internet-gebaseerd gestoor (Cloud storage) wat voordele het soos:

- Geen rugsteun (backups) nodig nie
- Maklike herstel (restore) van data wanneer produsent nuwe selfoon of iPad kry
- Produsent kan inligting elektronies deel met sy goedgekeurde verskaffers

**TECHNIFARM is gereed om produsente by te staan met hul 2021 saaibeplanning insluitend grondmonsters – laat weet gerus wanneer u gereed is.**

Vir meer inligting oor SIRRUS of TECHNIFARM se dienste, kontak ons gerus by 028 514 3140 of besoek ons webwerf by:

www.TECHNIFARM.co.za

# REËNVAL IN STREKE

| STREEK | AUG 2020 | SEPT 2020 | OKT 2020 |
|---|---|---|---|
| Aberdeen | 3 | 13 | 11 |
| Albertinia | 75 | 55 | 79 |
| Ashton | 38 | 21 | 23 |
| Avontuur | 67 | 22 | 52 |
| George | 38 | 80 | 104 |
| Heidelberg | 64 | 30 | 79 |
| Herold | 38 | 39 | 5 |
| Joubertina | 63 | 12 | 58 |
| Karringmelks | 63 | 31 | 67 |
| Knysna | 52 | 48 | 98 |
| Misgund | 67 | 30 | 58 |
| Mosselbaai | 36 | 70 | 100 |
| Protem | 53 | 17 | 92 |
| Plettenbergbaai | 179 | 64 | 68 |
| Riversdal | 48 | 24 | 66 |
| Swellendam | 68 | 46 | 101 |
| Uniondale | 34 | 8 | 9 |

**Geliewe daarop te let dat metings by SSK silo's, waar van toepassing, gedoen is.**

# WYSHEID VAN DAE

"Die waarde van die koelte
is in die warm son rondom hom"

~ C J Langenhoven

# TOP 10 WINES

Wynverkope tydens toegelate tydperk

1. Van Loveren Pinotage
2. Jakkalsvlei La Perlé Rosé
3. Beyerskloof Pinotage
4. Unbelievable Dry Red
5. Van Loveren Sauvignon Blanc
6. Jakkalsvlei Pinotage
7. 1659 Classic Red Blend
8. Koelenhof Pinotage
9. Koelenbosch Merlot
10. Bakenskop Rooi Muskadel

# VOORSPOED AAN ONS VRUGTE PRODUSENTE



Die SSK AgriLand Pakmateriaal-span te Haarlem wens elke lid en kliënt voorspoed toe vir die komende seisoen. Ons waardeer elkeen se troue ondersteuning.

SSK AgriLand Pakmateriaal word bedryf vanuit Haarlem in die Langkloof vanwaar hoë kwaliteit verpakkingsmateriaal versprei word.

Ons missie is om aan u, ons ondersteuner, 'n goeie kwaliteit produk teen 'n mededingende prys, met uitstekende diens te kan lewer.

**ONS SPESIALISEER IN:**
**Die verskaffing en verspreiding van vrugte-, blom- en industriële riffelkartonne asook houtpalette, plakkers-, plastiek, pulp en polistereen produkte. Ons het ook 'n bessie verpakkingsreeks en blomkartonne is beskikbaar by die AgriLand George- en Riversdalvoerstore.**

Aflewerings word landwyd gedoen. Skakel ons gerus vir enige navrae rakende u verpakkingsbehoeftes. Ons verskaf graag kundige advies.

**SSK AgriLand Haarlem Pakmateriaal Langkloof:**
Kantoor: Tel: 044 763 1088 / faks: 044 763 1062
Jaco Jonker: Selfoon: 082 821 2138 of
e-pos: jaco.jonker@ssk.co.za




# VERSEKERING IN DIE TYD VAN COVID-19

**KONTAK BESONDERHEDE**

| AVONTUUR | HEIDELBERG | RIVERSDAL |
|---|---|---|
| Ian du Plessis<br>Tel: 044-752 3004<br>ian.duplessis@ssk.co.za | James Ackhurst<br>Tel: 028-514 8712<br>james.ackhurst@ssk.co.za | Jacques de Beer<br>Tel: 028-713 3516<br>jacques.debeer@ssk.co.za |
| **MOSSELBAAI** | **SWELLENDAM** | **SWELLENDAM** |
| Frans Marx<br>Tel: 044-601 1200<br>frans.marx@ssk.co.za | Abrie Jooste<br>Tel: 028-514 8784<br>abrie.jooste@ssk.co.za | Carola Koekemoer<br>Tel: 028-514 8784<br>carola.koekemoer@ssk.co.za |

Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer
SSK is 'n gemagtigde finansiële diensteverskaffer (RFD lisensie nr 1107) gelisensieer om finansiële raadgewende dienste, asook finansiële intermediêre dienste te verskaf ten opsigte van die volgende produkte: Korttermyn Versekering - Kategorie: Persoonlike lyne en Kommersiële lyne (insluitend landbou lyne). SSK se RFD-lisensie is op aanvraag beskikbaar en kan besigtig word by enige van die versekeringstakke.

## SSK MONTEGO TAK VAN DIE JAAR

Die Montego Tak-van-die-Jaar wenner vir die 2019/2020 finansiële jaar was SSK AgriLand George.




V.l.n.r: Gerswin Potts (AgriLand), Johan van Rensburg (Montego verteenwoordiger) en Freddie Victor (Takbestuurder, AgriLand George).

## SSK AGRILAND ABERDEEN



Agter v.l.n.r: Antonio Muller, Elrico Muller, Emmanuel Joy, Jacob Pieterse, Maseli Jantjies. Voor v.l.n.r: Adri Verwey (Takbestuurder), Amanda Nonnies, Maria Bester. Afwesig : Alwira Smith , Riaan Barnard en Diodatt Beyers.

## HENDRIK PIENAAR GRAANDAG

1 Oktober 2020




Hendrik Pienaar aan die woord.


## SSK LANGKLOOF CLASSIC 2020



Die wenspan v.l.n.r: Okkie Gerber, Roeloff Oelofsen, Jan Vorster en Denne Strydom.




## COVID-19 VOORKOMING / PREVENTION



**Werk saam, Wen saam | Work together, Win together**

Redaksie: Annelie van Wyk | Tel: 044 601 1200 | annelie.vanwyk@ssk.co.za

Design: Nenane Bester - infografiac@gmail.com
Printing : Characters, George

Besoek gerus ons webblad vir nuus, kommoditeitspryse, weervoorspelling, rekening- en transaksie inligting.
Please visit and like our SSK Facebook page to keep up to date with news and events in our area.

www.ssk.co.za